# Uitdagings vir 'n reformatoriese benadering tot prediking in 'n postliterêre kommunikatiewe konteks

F.W. de Wet
Skool vir Kerkwetenskappe
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: fritz.dewet@nwu.ac.za

**Abstract**

**Challenges posed to reformed preaching in a postliterary communicative context**

*In this article the tension field is explored which manifests itself in the natural resistance of the reformed tradition against inclusion of visual elements in preaching on the one hand and the demands posed to the communicative structure of preaching in a postliterary context on the other hand. The need for practical theological theory formation with respect to two particular dimensions is explored, namely: effective and responsible integration of visual elements in the communicative structure of preaching in a postliterary context. The exploration of these two dimensions leads to the formulation of two challenges posed to reformed preaching: a) How may visual elements be introduced "effectively" in the communicative structure of preaching in a way that do not disturb the essential Word event of speaking God's Word?; and b) How may visual elements be introduced "responsibly" in the communicative structure of preaching without reducing infinite elements to the realm of the finite on the one hand and abstractising life-changing elements to the realm of the unrealised? First steps in answering these challenges on a practice theoretical level will be given in a follow-up article.*

**Opsomming**

**Uitdagings vir 'n reformatoriese benadering tot prediking in 'n postliterêre kommunikatiewe konteks**

*In hierdie artikel word die spanningsveld verken waarin die natuurlike weerstand gestel word van die reformatoriese tradisie teen die insluiting van visuele elemente in Woordverkondiging teenoor die eise aan die kommunikatiewe struktuur van prediking in 'n postliterêre konteks. Die noodsaak van prakties-teologiese teorievorming ten opsigte van twee dimensies van die spanningsveld word verken, naamlik effektiewe en verantwoordelike inrigting van visuele elemente in die kommunikatiewe struktuur van prediking in 'n postliterêre konteks. Die verkenning van hierdie twee dimensies van die ondersoekveld loop uit op die formulering van twee uitdagings vir prediking in die reformatoriese tradisie, naamlik: a) Hoe kan visuele elemente op 'n "effektiewe" manier in die kommunikatiewe struktuur van prediking ingesluit word sonder om die wesenlike struktuur van Woordverkondiging te versteur?; en b) Hoe kan visuele elemente op 'n "verantwoordelike" manier in die kommunikatiewe struktuur van prediking ingesluit word sonder om aan die een kant onvoorstelbare elemente voorstelbaar te maak en aan die ander kant lewensveranderende werklikhede abstrak in die lug te laat hang? Eerste treë in praktykteoretiese antwoorde op hierdie uitdagings sal in 'n opvolgartikel gegee word.*

## 1. Inleiding en probleemstelling

In prediking kom 'n unieke kommunikatiewe situasie ter sprake: Die Woord van die onsienlike en ondeurgrondelike God wat in ontoeganklike lig woon, word gekommunikeer aan mense wat hulle primêre verwysingsraamwerk in die begrensdheid van 'n sigbare, materiële wêreld vind. Die medium wat gebruik word om God se boodskap te kommunikeer behoort aan hoorders handvatsels te gee om te kan begryp hoe werklik God in hulle konkrete ervaringswêreld teenwoordig is. Terselfdertyd behoort egter ook gekommunikeer te word dat God se mense onder sy leiding op 'n bestemming afstuur wat ver meer behels as dit wat al ooit in die hart van enige mens opgekom het (vgl. Ef. 2:20).

In homiletiese teorievorming behoort rekening gehou te word met veranderende kommunikatiewe patrone aangaande die manier waarop mense in hulle konkrete ervaringswêreld inligting en indrukke ontvang, verwerk en integreer. In die hedendaagse kultuur speel 'n visuele voorstelling van die indruk wat gekommunikeer wil

word en die ontvanger se verwagting om op 'n interaktiewe manier aan die kommunikatiewe proses deel te neem, 'n belangrike rol (Hipps, 2007:22; Meecham & Sheldon, 2000:130). Dit kan nie bekostig word dat die boodskap van die evangelie weens die gebruikmaking van oneffektiewe kommunikatiewe patrone teoreties en abstrak in die lug bly hang en hoorders gevolglik nie die verband met hulle alledaagse lewe kan raaksien nie (vgl. Jonker, 1976:111). Terselfdertyd is dit egter die taak van prakties-teologiese besinning om te verseker dat aansluiting by nuwe kommunikatiewe patrone, waarin die visuele en interaktiewe 'n belangrike rol speel, nie die boodskap van die evangelie tot die sigbare werklikheid begrens of dit manipuleerbaar maak nie.

Jensen (2003:4 e.v.) identifiseer drie duidelik omlynbare eras in die geskiedenis van menslike kommunikasie:

- Tydens die era van mondelinge oorlewering het kommunikasie primêr plaasgevind deur die vertel en oorvertel van verhale. In mondelinge oorlewing kom 'n kenmerkende kommunikatiewe struktuur na vore waarin kontekstualisasie teenoor abstrakte denke gestel word. Deur 'n verhaal te vertel, word die hoorder op so 'n wyse betrek dat hy met die karakters in die verhaal kan assosieer.
- 'n Tweede dimensie in menslike kommunikasie het na vore begin tree met die ontstaan van die fonetiese alfabet wat in die Weste op die uitvinding van die boekdrukkuns uitgeloop het. Die era van literêre kommunikasie het aangebreek. Die wonderwêreld van lees het vir die massas oopgegaan. Mense het begin leer om oordrag van inligting, ook in mondelinge kommunikasie, in te rig volgens die kenmerkende styl en struktuur van 'n literêre werk. 'n Literêre kommunikatiewe struktuur kom na vore in aspekte soos deduktiewe ontwikkelingslyne, logiese gedagtegang en groepering van idees onder hoofpunte.
- Tans bevind die mensdom hom in 'n era van postliterêre kommunikasie. In 'n wêreld waarin media soos televisie, interaktiewe rekenaarprogramme en hoëspoed Internet-verbinding oorheers, word die menslike sintuie al hoe meer gebombardeer met snelveranderende beelde, grafika en klanke. Hierdie blootstelling veroorsaak dat die manier waarop die visuele en die interaktiewe ingespan word, belangrike faktore begin word in kommunikatiewe oordrag.

Hierdie drieledige indeling van Jensen is egter nie verteenwoordigend van 'n waterdigte skeiding nie. Daar kan nie eendimensioneel met 'n postliterêre styl gewerk word asof die Westerse samelewing die struktuur van literêre kommunikasie totaal en al vaarwel toegeroep het nie. Barnard (2001:122) beklemtoon dat veranderings in die struktuur waarvolgens daar in die samelewing gekommunikeer word, in 'n oorgangsproses verkeer:

> De consequenties voor de cultuur, voor de kennis en, breeder, voor de antropologie van de 'digitale revolutie' zijn nog niet te overzien. We merken op dat de ontwikklingen met betrekking tot televisie en internet niet betekenen dat het geschreven en gesproken woord op hun retour zijn. De telecommunicatie groeit even stormachtig als het gebruik van het internet, terwijl ook de boekverkoop nog nooit zo hoog was.

Dit kan egter nie ontken word dat die postliterêre struktuur besig is om 'n impak te maak op die manier waarvolgens mense verwag dat daar met hulle gekommunikeer sal word nie. Maniere waarop visuele en interaktiewe elemente, soos byvoorbeeld dataprojeksies, in prediking betrek kan word om die effektiwiteit van kommunikasie te verhoog, sal beoordeel moet word in homiletiese teorievorming. In prakties-teologiese teorievorming word nie alleen die dimensie van *effektiwiteit* in kommunikatiewe handelingspraksis van die kerk verken nie, maar ook die dimensie van *verantwoordelikheid* in die aansluiting by 'n nuwe kommunikasiemedium/kommunikatiewe styl, op 'n wyse waarin die boodskap van die evangelie nie ingeperk of gemanipuleer word nie, behoort verken te word. Hierdie onderskeid ten opsigte van twee dimensies in prakties-teologiese teorievorming, vorm die raamwerk waarin die navorsing in hierdie artikel gegiet word.

In sy bespreking van die verskuiwing na 'n postliterêre kommunikatiewe patroon en die verreikende implikasies daarvan vir 'n homiletiese benadering, maak Wilson (1999:41) die veelseggende opmerking: "Icons were the Bible for the illiterate, and the screen is the Bible for the post-literate." Hier verwys Wilson na die manier waarop 'n dataprojeksieskerm in eredienste ingespan word in 'n poging om aansluiting te vind by mense wat toenemend visueel ingestel is en nie meer "geletterd" is in 'n literêre kommunikatiewe styl nie. In Wilson se opmerking word gesinspeel op die ooreenkoms tussen die situasie in die pre-reformatoriese erediens waarin beelde

en visuele tonele as "boeke van die leke"[1] ingespan is en die mate waarin hedendaagse liturgie op visuele elemente ingestel moet word om die evangelie relevant en aktueel oor te dra aan "postliterêre mense".

Hierdie vergelyking bring 'n eeue oue debat oor die gebruik van die visuele elemente in die kommunikasie van geloofswaarhede, wat nie tot die sigbare begrens kan word nie, weer op die tafel. In die tyd van die sestiende-eeuse Reformasie, veral in die Calvinistiese tradisie, is voortdurend daarop gewys hoe onderrig deur visuele elemente tot bygeloof en idolatrie aanleiding kan gee (Vos & Pieterse, 1997:114; vgl. Dyrness, 2004:76). Telkens is op die gevaar gewys dat 'n mens op grond van visuele indrukke en die assosiasies wat hierdie indrukke by hom opwek, 'n gereduseerde of eiewillige beeld van ondeurgrondelike geloofswaarhede kan vorm. Daar is van die standpunt uitgegaan dat die Goddelike nie in die sigbare sfeer gelokaliseer kan word nie en daarom is "boeke van die leke" soos altaarstukke, ikone en tonele in gekleurde glasvensters nie in die erediensruimte toegelaat nie (vgl. Luttikhuizen, 2004:285).

Troeger (1996:13) beskryf hoe moeilik dit vir predikers uit die Protestantse tradisie is om aan te pas by die nuwe postliterêre kommunikatiewe omgewing:

> How is it possible to be a Protestant in a world in which three kinds of media are converging (text, audio, and video) into one new mixed genre, multimedia? The question suggests why it is so often difficult for many Protestant ministers and theologians to play freely with different strategies for presenting the word of God: To do so feel like violating our religious core. As the saying goes, 'We are people of the Book'.

Die uitdrukking "people of the Book" wys op die hartklop van die Protestantse tradisie: die diepgewortelde vertrekpunt dat God deur die verkondiging van sy Woord alleen, soos dit in die teks van die Bybel opgeteken is, mense tot geloof bring en dat alles wat hulle nodig het om tot eer van God te leef daarin geopenbaar word (vgl. Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 2). Van nature sal daar in hierdie tradisie 'n weerstand wees teen alle kommunikatiewe elemente waarin die moontlikheid bestaan dat iets by die genoegsame

---

1 Boeke van die leke: 'n uitdrukking wat sy oorsprong vind in die bekende uitspraak van Pous Gregorius die Grote in 'n brief aan biskop Serenus van Marseilles in 600: "Wat die Skrif (*Scriptura*) beteken vir diegene wat kan lees, kan ikone (*Pictura)* beteken vir leke wat na hulle kyk." (vgl. Dyrness, 2004:21.)

inhoud van die Woord bygevoeg kan word of iets daarvan weggeneem kan word.

Hierdie aanvanklike verkenning van die implikasies van 'n postliterêre kultuur vir die kommunikatiewe inkleding van prediking, maak dit duidelik dat prakties-teologiese besinning ten opsigte van veral twee dimensies nodig is:

- Op die oppervlakte van die ondersoekveld lê die vraag na die *effektiewe* inrigting van die kommunikatiewe struktuur van prediking in 'n postliterêre konteks.
- Op 'n dieper vlak lê die vraag na die *verantwoordelike* integrasie van visuele elemente in die kommunikatiewe struktuur van Woordgebeure op 'n manier waarin die omvangrykheid van die Woord nie ingeperk of gemanipuleer word nie.

In hierdie artikel word dié twee dimensies verken op 'n basisteoretiese vlak in die spanningsveld van natuurlike weerstand wat daar in die reformatoriese tradisie mag wees teen die insluiting van visuele elemente in die kommunikatiewe struktuur van prediking aan die een kant, en die eise wat aan die kommunikatiewe struktuur van prediking gestel word in 'n postliterêre kultuur aan die ander kant.

## 2. Uitdaging een aan die reformatoriese benadering in 'n postliterêre konteks: effektiewe integrasie van visuele elemente in die kommunikatiewe struktuur van prediking

### 2.1 Verskuiwing vanaf die visuele na die ouditatiewe in die manier waarop die boodskap van die evangelie verkondig word

In die sestiende-eeuse reformatoriese benadering word die mondelinge kommunikasie van die Woord van God beklemtoon. Die wyse waarop religieuse waarheid geken en in die lewe geïntegreer word, het verskuif vanaf die visuele, soos dit in die viering van die Mis sy beslag kry, na die ouditatiewe prediking van die Woord (Kirsner, 2006:305; vgl. J.F. White, 1999:14). Kingdon (2004:57) stel die impak wat hierdie verskuiwing op die lidmate van die kerk gemaak het, soos volg:

> People were to worship in buildings that looked radically different. They were led in worship by ministers of a very different character and appearance. Above all they had to deploy a

> different set of senses. They were expected to absorb what is most essential in religion through hearing a sermon rather than through observing the celebration of the sacrament.

In die Middeleeuse spiritualiteit het visuele elemente ’n belangrike kommunikatiewe rol gespeel in die verwerkliking en kontekstualisering van die evangelie in die lewe van die gelowige. Luttikhuizen (2004:285) stel die indruk wat Geertgen se triptiek in die Grote Kerk in Haarlem op ’n erediensbywoner sou kon maak, soos volg:

> The intense naturalism of this painting serves a rhetorical function, helping to persuade viewers of the presence of the divine in the here and now. It makes the transcendent appear immanent and accessible to human experience. By unveiling sacred events in a believable commonplace, spectators and saints can meet one another and encounter God.

’n Visuele element kon dus in die liturgiese ruimte funksioneer as ’n instrument waardeur die gelowige die raakpunt tussen sy leefwêreld en die teenwoordigheid van God kon sien. Dit was nie alleen die funksie van kontekstualisering nie, maar ook die funksie van ’n persepsieveranderende impak wat aan die kragtige kommunikatiewe medium van die visuele toegeskryf is. S.J. White (1999:94) skryf soos volg oor die Middeleeuse spiritualiteit:

> The complex and subtle relationship between what is seen and the spiritual life in this period rests on a particular kind of ‘theological optics’ which was a feature of medieval philosophy. When a person looked at something, it was believed that the visual image passed through the centre of the eye and imprinted itself upon the soul of the viewer. So the various forms of visual and plastic arts were not placed within the church building simply for the purpose of edification, or even inspiration; what one saw had the potential to shape the soul, to alter it permanently for better of for worse. If one looked at godly images, the soul was edified; if one looked upon ungodly images, the soul was deformed.

In die sestiende-eeuse reformatoriese gedagtelyn is die soewereiniteit van God beklemtoon. Die onhoudbaarheid daarvan dat die soewereiniteit van God in die werke van mensehande ingeperk kan word in ’n poging om God se werklike teenwoordigheid in ons lewenswêreld te kommunikeer, het veral die Calviniste negatief gestem teenoor die insluiting van visuele elemente in die erediens (vgl. Luttikhuizen, 2004:289; Flanagan, 2004:100). Die teenwoordigheid van God en die lewensveranderende implikasies van sy teenwoordigheid word gekommunikeer deurdat God self aan die woord

kom in die prediking van sy Woord soos dit in die Skrif opgeteken is (Dyrness, 2001:83). Calvyn (1992 [1559]) het beklemtoon dat die prediker geen uitvindsel van sy eie verbeelding in die preek moet insluit nie, maar alleen dit wat geopenbaar word en in die heilige Skrif opgeteken is (Parker, 1992:22). Die Skrif is vir die Reformasie die lewende Woord, die *viva vox evangelii*, waarin God self tot ons spreek wanneer die Woord gelees, verkondig en gehoor word (Vos & Pieterse, 1997:104). Die Woord word in die prediking 'n aktuele werklikheid deur die werking van die Heilige Gees. Die werklikheid van die gemeenskap met God kan alleen bemiddel en ontvang word langs die weg van die geloof (Immink, 2001:230).

Alhoewel die gehoor die primêre instrument is waardeur die onpeilbare genade van God in die geloof omhels word, word die element van visualisering nie in die reformatoriese tradisie uitgesluit nie. In antwoord op dit wat in die prediking gehoor word, vind 'n geloofsvisualisering plaas. In die Calvinistiese tradisie word geloof as 'n merkwaardige waarnemingsinstrument beskou, waarin dit wat vir die normale waarnemingsvermoë van fisiese oë verborge is, toeganklik gemaak word. Dit is opvallend dat Calvyn dikwels metafore vir sig gebruik om die werking van geloof te omskryf ( Pitken, 1999:128). Na aanleiding van Calvyn se bespreking van prediking waarin Christus voor ons oë gekruisig word (Calvyn, 1992 [1559] *Inst*. I, XI, 7; Gal. 3:1), maak Dyrness (2004:68) die volgende opmerking:

> In an important sense, when Christ is preached to us, we 'see' the truth that is not possible by simply looking at images. Only now the work of 'seeing' is done in our minds – it is mental work, in response to what is heard. There is a higher way of comprehending than that provided by the sense of sight, and that is a grasping of the preached word by faith in one's heart.

Wanneer daar besin word oor effektiewe kommunikasie in 'n visuele kultuur ('n kultuur waarin visualisering belangrik word in 'n nuwe perspektief op die lewe), sou die verhouding tussen die hoor van 'n mondelinge preek en die geloofsvisualisering wat daaruit voortvloei 'n belangrike vertrekpunt wees vir die teorievorming van 'n benadering wat in die reformatoriese tradisie staan.

### 2.2 Die implikasie van 'n postliterêre kultuur vir die kommunikatiewe struktuur van prediking

Die vraag bly egter steeds of dit nie vir 'n tradisie waarin die Woord van God primêr op 'n mondelinge wyse gekommunikeer word en visualisering verhef word tot die geestelike vlak van geloofswaar-

neming, nodig sou wees om opnuut te herbesin oor die waarde van visuele elemente op materieel-sigbare vlak, vir effektiewe kommunikasie nie. In hoe ’n mate beïnvloed blootstelling aan ’n postliterêre kultuur hoorders se vermoë om na ’n twintigminuutlange mondelinge boodskap (sonder visuele en interaktiewe elemente) te luister? In hoe ’n mate is hierdie hoorders in staat om ’n konneksie te maak tussen dit wat hulle in die mondelinge preek hoor en dit wat hulle in hulle eie lewe sien?

Alhoewel die werking van die Woord in die Reformasie primêr gesien is as ’n mondelinge kommunikatiewe gebeure waarin God, deur prediking uit die teks van die Bybel, aan die woord kom (vgl. Buttrick, 1994:27), het die styl waarin preke ingerig is, stelselmatig die kenmerkende struktuur van literêre kommunikasie begin aanneem:

> There are times in the Protestant world where Word (God’s oral word of power; God incarnate in the flesh) and words written in the Bible have become too simply synonymous. In the Bible it is clear that the fundamental meaning of Word is oral word of promise and God’s Word incarnate in human flesh. The words of the Bible bear testimony to God’s Word spoken and enfleshed. Preaching which is based on the words of the Bible, on the ‘word made book’, will tend to be explanatory in nature. Preaching explains what the words mean. Such preaching can easily do away with images. Words interpret words! (Jensen, 2004:302; vgl. Jonker, 1976:85.)

Wanneer ’n preek volgens ’n literêre kommunikatiewe struktuur ingerig word, word ’n deduktiewe styl eerder as ’n induktiewe styl gevolg; vind ontwikkeling van gedagtes op ’n liniêre wyse plaas; word metafore gebruik om idees te illustreer eerder as om nuwe idees te skep; word ’n doelwit vir hoorders gestel om idees te verstaan, eerder as om aan idees deel te neem (Jensen, 2003:5; vgl. Hipps, 2007:22). Selfwerksaamheid in die opdoen van kennis word tot ’n minimum beperk (Jonker, 1976:83). Iemand wat in ’n wêreld leef waarin dit die norm is om nuwe inligting volgens ’n literêre kommunikatiewe patroon te verwerk, sou intuïtief soek na ’n logiese gedagtegang en ’n duidelik oorsigtelike struktuur om die volle omvang van die Woord van die Here in sy/haar lewe te integreer.

Die vraag is egter of iemand wat hom in ’n oorwegend postliterêre kultuur bevind, dit nie moeiliker sou vind om na ’n preek te luister wat volgens hierdie struktuur ingerig is nie? Sou hulle nie intuïtief ander kriteria volg vir die struktuur van ’n preek waarin die Woord van God volgens hulle aanvoeling werklik effektief en lewens-

vernuwend gekommunikeer word nie? Barnard (2001:122) wys op die verskuiwing wat, in die konteks van ’n postliterêre kultuur, besig is om plaas te vind in die manier waarop mense kennis in hulle lewens integreer:

> Kennis op schrift en in boeken is lineair en hiërarchish geordend. De inhoudsopgave leert al veel over een boek en geeft overvloedig informatie over het onderwerp dat in het boek wordt behandeld. Op het net [met verwysing na die internet – FwdeW] wordt kennis intuïteif verkregen, doordat men naar een volgend scherm doorklikt op grond van een associatie, en niet op grond van een geordende systematiek. Overzicht ontbreekt principieel. Ook in menselijke relasies op het net valt een hiërarchische ordening weg. Ieder die zich op het net begeeft is gelijk.

Nog ’n belangrike kriterium om tot ’n begrip te kom van die intuïtiewe verwagtings wat daar by hoorders mag wees ten opsigte van die kommunikatiewe struktuur van ’n preek, is die invloed van die TV-kultuur met sy sterk visuele inslag. Hoorders wat van Maandag tot Saterdag blootgestel is aan kommunikatiewe gebeure met ’n integrale visuele en interaktiewe struktuur, mag dit Sondag moeilik vind om te luister na ’n preek waarin hierdie bekende handvatsels uit die kommunikatiewe omgewing van die daaglikse lewe ontbreek (vgl. Janse van Rensburg, 2006:559). Stott (1982:75) besef dat blootstelling aan die TV-kultuur ingrypende implikasies het vir die mate waarin mense daartoe in staat is om na ’n mondelinge preek te luister:

> We can no longer assume that people either want to listen to sermons, or indeed are able to listen. When they are accustomed to the swiftly moving images of the screen, how can we expect them to give their attention to one person talking, no frills, no light relief and nothing else to look at?

Mitchell (1999:156) meen egter dat daar geen empiriese bewyse is vir die teorie dat mense nie meer in staat is om na ’n preek te luister nie. Hy meen wel dat die manier waarop mense luister, wesenlik beïnvloed word: “Television has not irrevocably undermined the ability to listen, but it has changed how people listen.”

Mitchell (1999:156) stel drie veranderde verwagtings ten opsigte van die kommunikatiewe struktuur van ’n preek in ’n visuele kultuur:

- Die reduksionalistiese, selektiewe en fragmentariese tendense in die TV-kultuur het bygedra tot die verwagting dat prediking op 'n korter, "op die punt af"-manier ingeklee behoort te word.
- In 'n gemaklike, nie-hiërargiese kommunikatiewe omgewing het mense die verwagting dat daar nie *tot* hulle gespreek sal word nie (dus, dat daar nie van bo af 'n verhewe woord na hulle gespreek sal word nie), maar dat daar *met* hulle gepraat sal word.
- Hoorders kom nie kerk toe soos passiewe, skoon leie waarop geskryf moet word nie. Hulle kom eerder as 'n aktiewe gehoor, met 'n hele reeks beelde, verhale en ervarings wat hulle aandag in beslag neem. Hulle leef in 'n omgewing waarin 'n oorvloed indrukke weens blootstelling aan visuele media op hulle gemaak word en hulle het nodig om hierdie indrukke te verwerk.

Mitchell meen dat, in die lig van hierdie verandering in die manier waarop mense luister, die prediker sal moet besef dat hy met 'n "aktiewe gehoor" te doen het en dat een van sy take sou wees om die beelde wat die mense in hulle koppe het, te heromraam. Visuele beelde wat byvoorbeeld in 'n nuusbulletin waargeneem is, kan opgeroep en gebruik word as 'n vertrekpunt om die gelowige wakker te maak vir die intensiteit van nood waarin die wêreld verkeer en die manier waarop God in hierdie wêreld ter sprake gebring behoort te word. Prediking gaan nie alleen in die verklaring van 'n teks op nie, maar stel hoorders in staat om die betrokkenheid van God by hulle leefwêreld te visualiseer.

In die konteks van 'n kultuur waarin aspekte soos visualisering, snelveranderende invalshoeke en interaktiewe soektogte integraal deel van mense se lewens geword het, sou dit te verstane wees wanneer 'n prediker begin twyfel aan die effektiwiteit van blote mondelinge kommunikasie wat ingerig is volgens 'n literêre struktuur. Dit sou te verstane wees dat die insluiting van visuele en interaktiewe elemente soos dataprojeksies waarin die teks van 'n preek ontvouend verken word, illustratiewe sketse, foto's of kort videogrepe uit 'n nuusbulletin, simboliserende aspekte in 'n kunswerk in die kommunikatiewe struktuur van 'n preek oorweeg word. Daar sou egter besef moet word dat die insluiting van visuele en interaktiewe elemente in die kommunikatiewe struktuur van 'n preek ook grense het. Wanneer visuele elemente verkeerd aangewend word kan dit versteurend inwerk en die aandag aftrek van God se doel met Woordverkondiging. Die kommunikatiewe struktuur van 'n preek kan so versteur word dat dit nie meer God is wat aan die woord kom nie,

maar eerder die mens wat ’n verbeeldingsvlug of interaktiewe soektog onderneem.

## 2.3 Formulering van ’n uitdaging ten opsigte van die effektiewe integrasie van visuele elemente in die kommunikatiewe struktuur van prediking

Die uitdaging wat aan die reformatoriese benadering gestel word ten opsigte van die effektiwiteit van die kommunikatiewe struktuur van prediking in ’n tyd waarin ’n oorgang van ’n literêre na ’n postliterêre kultuur plaasvind, sou soos volg geformuleer kon word:

- Die reformatoriese tradisie waarin prediking primêr as ’n Woordgebeure beskou word wat op ’n mondelinge wyse ingerig word, sou moes besin oor die noodsaak van en die vlak waarop die dimensie van die visuele en interaktiewe in die eie benadering geïntegreer kan word. Dit sou ’n uitdaging wees dat hierdie elemente nie op so ’n manier geïntegreer word dat die wese van prediking (God wat aan die Woord kom) in die proses in gedrang kom en vervang word deur ’n struktuur waarin die mens ’n interaktiewe verbeeldingsvlug onderneem nie.
- ’n Tweede dimensie van die uitdaging is daarin geleë dat die insluiting van visuele elemente in die kommunikatiewe struktuur van prediking ter wille van effektiewe kommunikasie, op so ’n manier geskied dat dit nie tot afstomping en veroppervlakkiging van die primêre waarnemingsinstrument van die geloof lei nie. Visualisering waarin by die sigbare en materiële sfeer (die hier en die nou) vasgesteek word, kan die geloofsoog in onaktiwiteit laat verval.

Hierdie uitdaging wat voortvloei uit die besinning rondom effektiewe kommunikasie in ’n postliterêre/visuele kultuur, maak dit duidelik dat ons te doen het met ’n terrein wat met groot versigtigheid betree moet word. Hier word ’n bedrieglike terrein betree waar die dryfsand vlak langs die vaste grond lê. Die grond sal met teologiese diepgang en onderskeidingsvermoë getoets moet word, om seker te maak dat teorievorming op vaste grond gebou word. Daarom is dit nodig dat daar in die besinning rondom die integrasie van visuele elemente in die kommunikatiewe struktuur van prediking ’n tweede rondte verkenning onderneem word – verkenning waarin ’n nóg fyner sif in die kritiese denke aangelê word; ’n rondte waarin gekonsentreer word op die vraag na verantwoordelikheid in die manier waarop visuele elemente in die kommunikatiewe struktuur van prediking geïntegreer word. Hierdie tweede verkenningsrondte loop ook uit op

die formulering van 'n uitdaging vir die reformatoriese benadering tot prediking. Daarna (in 'n opvolgartikel) kan eerste treë gegee word in 'n praktykteoretiese poging om die uitdagings wat in punte 2 en 3 gestel is, te antwoord.

## 3. Uitdaging twee aan die reformatoriese benadering in 'n postliterêre konteks: verantwoordelike integrasie van visuele elemente in die kommunikatiewe struktuur van prediking

Alhoewel praktiese teologie 'n belangrike taak het om ondersoek te doen na effektiewe maniere waarop die evangelie in die eietydse kultuur gekommunikeer kan word, het dit ook die verantwoordelikheid om oor 'n begronde teologiese onderbou vir enige aanpassings in die kommunikatiewe struktuur van prediking te besin. In teologiese teorievorming behoort met onderskeidingsvermoë kriteria gestel te word vir die verskil tussen visualisering waarin die verkondiging van die Woord gedien word en visualisering wat daartoe aanleiding gee dat die hart en die gedagtes in die hier en die nou van hierdie sigbare wêreld vasgevang word.

### 3.1 Onderliggende redes vir weerstand teen die insluiting van visuele elemente in die kommunikatiewe struktuur van prediking

As aanknopingspunt vir 'n besinning rondom die verantwoordelike integrasie van visuele elemente in die kommunikatiewe struktuur van prediking, kan verwys word na die onderliggende redes vir die meningsverskille oor die gebruik van visuele elemente in die erediens soos dit van tyd tot tyd in die geskiedenis van die kerk opgevlam het. In die agtste en negende eeue en later weer in die sestiende eeu is sterk ikonoklastiese stemme in die kerk verhef. Die ikonoklaste (beeldestormers) wou die liturgiese ruimte suiwer van alle beelde, ikone en selfs skilderye (Dyrness, 2001:53). Hierdie radikale optrede het hoofsaaklik voortgevloei uit 'n interpretasie van Eksodus 20:4-5, waarin op die gevaar gewys is dat visuele beelde tot idolatrie aanleiding kan gee (Janse van Rensburg, 2006:559). God en sy hemelse krag kan nie deur mense in die sigbare sfeer ingetrek word en voorstelbaar, lokaliseerbaar en manipuleerbaar gemaak word nie. Hy alleen kan Hom aan die mens bekendmaak by wyse van openbaring (Barnard, 2001:117). Van der Leeuw (1948: 243) stel die gedagtegang wat agter die radikale verwerping van visuele elemente in die erediens is soos volg: "Alle verbeelding is onderwerping, is verkragting en eiemag."

Volgens Jensen (2003:6) het die sentrale vraag in die sestiende-eeuse debat oor die gebruik van visuele elemente gehandel oor die verhouding tussen die tydelike en die ewige:

> Calvin, in his theology argued that the finite was not capable of communicating the infinite. This became part of the basis of the iconoclastic work of breaking idols and images in the 'Reformed' reformation. Luther, on the other hand, believed that the finite was capable of communicating the infinite. He argued, in consort with St. John of Damascus, that God's creation of a good world and the reality of God becoming flesh in Jesus Christ make God circumscribable – words and images can work together to communicate the divine.

Na aanleiding van die sestiende-eeuse debat sou 'n mens kon vra of daar in die Calvinistiese tradisie met genoegsame onderskeidingsvermoë gedink is oor die verskil tussen maniere waarin visuele elemente die ondeurgrondelike deurgrondbaar voorstel en maniere waarin visuele elemente moontlik tot 'n toegangspoort kan dien om vanuit 'n lewensgetroue invalshoek (veranker in ons leefwêreld), die werklikheid van God se hemelse genade in die geloof te omhels. Al is daar in die tydelike en die ewige van twee totaal verskillende kategorieë sprake, sou daar tog in 'n sekere sin 'n element van korrespondensie aangedui kon word. 'n Beeld uit die sigbare ervaringswêreld van die mens, soos dié van 'n aardse vader wat met liefde vir sy kind sorg (met hoeveel gebreke sy liefde ook al ingeperk mag word), gee immers 'n verwysingsraamwerk om iets van die oneindige, hemelse liefde van God vir diegene oor wie Hy Hom ontferm, te begryp (vgl. Matt. 7:11). Hierdie beeld en die verwysingsraamwerk wat daarin ingebou is, kan egter slegs 'n dienskneggestalte hê in die kommunikasie van 'n liefde wat so groot is dat geen oog dit nog ooit gesien het nie en dit nog nooit in die hart van enige mens opgekom het nie.

Dit is belangrik om in ag te neem dat die Calvinistiese tradisie van weerstand teen die insluiting van visuele elemente in die erediens in 'n groot mate verteenwoordigend is van 'n reaksie teen die misbruik van beelde en ikone in die Middeleeue (Cilliers, 2003:21). Wanneer daar in reaksie teen 'n godonterende praktyk geteoretiseer word, word die reaksie dikwels geformuleer in terme van dit waarteen beswaar aangeteken word. Die argumente word geformuleer met die bedoeling om die verkeerdheid uit te wys. Reaksie kan ook moontlik in oorreaksie verval en veroorsaak dat 'n ongebalanseerde standpunt geformuleer word. Vos en Pieterse (1997:117) meen byvoorbeeld dat die misbruik van simbole in die Middeleeue gelei

het tot 'n reaksionêre klem op die spirituele in die erediens. Volgens hulle mening het die reaksionêre inrigting van die erediens nie genoegsaam daarmee rekening gehou dat liturgie ook 'n fisiese kant het nie. Die mens in die erediens het nie alleen spirituele behoeftes nie, maar ook fisiese, emosionele en estetiese behoeftes.

Dit sou egter 'n veralgemening wees om te sê dat die reaksie teen verkeerde praktyke die Calvinistiese benadering in 'n spirituele eensydigheid vasgevang het, waarin geen deel van die konkrete bestaan meer betrek word nie. Calvyn het byvoorbeeld nie alle visuele voorstellings veroordeel nie. Daar was volgens hom 'n suiwer en wettige manier om kuns, as gawe van God, uit te leef en te geniet. Dit wat God tot sy eer en tot ons welsyn gegee het, behoort nie deur 'n verkeerde gebruik besoedel te word en tot ons verderf aangewend te word nie. In skilderwerk of beeldhouwerk kon alleen dit wat met die fisiese oë gesien kan word, uitgebeeld word. Die probleem met visualisering kom vir Calvyn daarin na vore wanneer daar gepoog word om iets wat nie gesien kan word nie, byvoorbeeld die majesteit van God wat uitstrek ver bo dit wat met die oë waargeneem kan word, sigbaar uit te beeld (Calvyn, 1992 [1559] *Inst*. I, XI, 12).

Dyrness (2004:83) maak die volgende belangrike opmerking oor die manier waarop verbeelding in die Protestantse spiritualiteit funksioneer in die konkretisering van God se genade in ons sigbare, ervaringswêreld:

> External images and ceremonies were not valued precisely because the believers' human life in the world was itself to 'image' the reality and glory of God's work in Christ. Here then is one critical component of protestant imagination. For followers of Calvin it is not in the contemplation of an image, nor in an Ignatian meditation on the events of Christ's life, that spiritual nurture and godliness are to be found. These spiritual benefits are sought as believers live out – re-enact – this life-giving cross in their everyday life.

Reaksie teen die misbruik van visuele elemente in die erediens beteken nie die verwerping van enige visualisering van God se genade nie. Juis daar waar die lewenskrag van die evangelie sigbaar word in mense se lewens, word God vereer. Dit is die werk van God se eie hande, kragtens sy herskeppende werk in Christus, wat in die lewe van die mens as beeld van God sigbaar word. Deur in die geloofsverbintenis met Christus te leef en in gelykvormigheid aan die beeld van Christus te groei, word die sigbare bewyse van

God se genade eerstehands in die eie lewe gesien. Dit is waar God se genade reddend werksaam is (vgl. Immink, 2005:55; vgl. Van der Merwe, 1968:16). Op hierdie manier word daar in die Protestantse spiritualiteit weggeskuif van 'n posisie waarin aan visuele voorstellings, hetsy dit 'n Middeleeuse ikoon is, of – in hedendaagse konteks – 'n kragtige dataprojeksie vol kleur en klank is, (bykans) reddende krag toegeken. God se reddende krag kan nie gelokaliseer word in 'n manipuleerbare ikoon nie. Dit kan ook nie vasgevang word in 'n tegniek nie. Die neiging om deur middel van manipulasie deelgenootskap te bekom aan die besondere funksie of krag waaroor die Godheid beskik, vind sy wortels in die antieke beeldediens. In die antieke wêreld het die aanbidders van 'n bepaalde godheid probeer om die krag, vermoë en funksie van 'n god te verkry deur erkenning daaraan te verleen in die beelde wat hulle van die gode gemaak het (De Bruyn, 1993:62).

Schultze (2004:94) verwys na die filosoof Heidegger se beskouing oor tegnologie as die nuwe metafisika – die moderne religie – en maak die afleiding dat ons geloof in tegnologiese kundigheid ons die gesag van God se Woord kan laat uitdaag. Ons soek op elke terrein van die lewe, hetsy dit met seks, sport of religie te doen het, na die regte tegnieke wat sukses sal waarborg. Ons soek na beheer in plaas daarvan om onsself te verneder. Kontemplasie van 'n visuele ikoon kan nie van die waarnemer 'n nuwe mens maak nie. Dit kan hoogstens 'n aanknopingspunt of invalshoek bied om die verbintenis tussen die evangelie en ons lewe raak te sien. Van tegnologie kan nie verwag word om die redding vir prediking te wees nie – asof die boodskap nodig het om meer kleurvol gemaak te word ten einde dit te kan "verkoop". In hierdie verband maak Jewell (2004:16) 'n belangrike opmerking:

> The technological revolution of the past two decades, which has gone into all-out sprint mode in the past five years, is an amazing event in human history. It has brought about a whole new suite of tools that have great potential to enhance the ministries of the church. However technology is a means, not an answer for everything that ails the church. It brings new possibilities, but no new basic principles to the life of the church. Technology provides new tools, but not new theology.

## 3.2 Die noodsaak van onderskeidingsvermoë in die verantwoordelike insluiting van visuele elemente in die kommunikatiewe struktuur van prediking

Reaksie teen godonterende maniere waarop die visuele elemente in die erediens gebruik word, hetsy dit in reaksie teen Middeleeuse ikone is, of hetsy dit in reaksie teen eietydse tegnokratisering is, behoort die denke egter nie oorversigtig te maak om wel die geldige manier van integrasie van visuele elemente in die kommunikatiewe struktuur van prediking te ondersoek nie. Dit is belangrik dat daar in die wetenskaplike besinning rondom hierdie saak met die kritiese instrument van onderskeidingsvermoë gewerk word. In die Bybelse konteks funksioneer onderskeidingsvermoë as 'n pneumatologiese begrip waarin die oordeelsvermoë deur die Gees van God gelei word om te onderskei of 'n bepaalde inkleding van die prediking uit God (van Bo af) of uit die mens (van onder af) kom:

> 'Distinguishing between spirits' probably refers to God-given ability to discern if an apparently inspired speaker is ministering by the power of the holy Spirit or by some counterfeit power. (Blomberg, 1994:245; vgl. Pop, 1978:279; 1 Kor. 12:10.)

Daar moet onderskeid getref word tussen 'n kommunikatiewe struktuur vir prediking waarin die hoorder deur die Gees gelei word om sy geloof onvoorwaardelik in volle afhanklikheid van Christus te anker en 'n kommunikatiewe struktuur waarin die evangelie afhanklik gemaak word van menslike voorkeur, natuurlike vermoë en selfaktualisering. Dit wat deur manipulasie en tegniek probeer vermag word, moet onderskei word van dit wat deur die soewereine genade van God alleen in mense se lewens bewerk kan word. Die doel van hierdie besinning (met onderskeidingsvermoë as die vernaamste meetinstrument) is om die diensknegtgestalte van tegnologie uit te lig teenoor 'n gestalte waarin daar te veel krag en waarde daaraan toegevoeg word.

## 3.3 Formulering van 'n uitdaging ten opsigte van die verantwoordelike integrasie van visuele elemente in die kommunikatiewe struktuur van prediking

Die uitdaging vir die reformatoriese benadering wat van voorneme is om die insluiting van visuele elemente in die kommunikatiewe struktuur van prediking met verantwoordelikheid te hanteer, word nou duidelik: Hoe kan die manier waarop visuele elemente aangewend word daartoe lei dat God verheerlik word en die hoorder in 'n lewende verhouding met God tree? Hierdie lewende verhou-

ding moet die hoorder se sigbare werklikheid anker in God se skeppende, reddende en voleindigende plan met alle dinge. Hierdie opsie staan teenoor die opsie dat visuele elemente só gebruik word dat ’n afgodsbeeld van God in die gedagtes van die hoorder gevorm word en die onmeetbare dimensies van God se genade van die ondeurgrondelikheid daarvan beroof word.

Onderskeidingsvermoë sou toegepas moet word ten opsigte van al die faktore wat by die homiletiese proses betrokke is en ’n invloed kan uitoefen op die kommunikatiewe struktuur van ’n preek. In die verantwoordelike integrasie van visuele elemente in die homiletiese proses behoort met die volgende faktore rekening gehou te word:

- In die prediking word ’n Woord verkondig waarin daar sprake van Godsopenbaring is. Onderskeid behoort getref te word tussen transendente en immanente aspekte in die Godsopenbaring. Onderskeidingsvermoë, in die pneumatologiese konteks waarin die prediker hom onder leiding van die Gees van Christus stel, bewaar die prediker daarvan om onvoorstelbare elemente in Godsopenbaring tot die vlak van voorstelbaarheid, uitbeeldbaarheid en manipuleerbaarheid te verlaag. Onderskeidingsvermoë stel die prediker in staat om visuele elemente op so ’n manier in die homiletiese proses te integreer dat bewyse van God se genade in ons sigbare, konkrete bestaan nie teoreties in die lug bly hang nie.
- In die prediking bly die Woord van God, soos dit in die Bybelse teks op skrif gestel is, die enigste vertrekpunt vir die vasstelling van die inhoud en boodskap van ’n preek. Onderskeid behoort getref te word tussen elemente wat getrou bly aan die inhoud en bedoeling van die Bybelse teks en elemente waarin daar iets by die Woord bygevoeg of iets daarvan weg geneem word.
- Ook ten opsigte van die ontvanger (hoorder) van die boodskap van ’n preek behoort onderskeid getref te word tussen visuele elemente waarin die betrokkenheid van die Woord van die lewe van die hoorder geïsoleer word, en visuele elemente waarin die hoorder se bestaan gekontekstualiseer word in die onpeilbare dimensies van die koninkryk van God.

## 4. Slot

In hierdie artikel is ’n spanningsveld verken waarin die natuurlike weerstand van die reformatoriese tradisie teen die insluiting van visuele elemente in die kommunikatiewe struktuur van prediking ge-

stel is teenoor die eise waarmee die kommunikatiewe struktuur van prediking in 'n postliterêre kultuur gekonfronteer word.

Dit het duidelik geword dat prakties-teologiese teorievorming ten opsigte van veral twee dimensies nodig is:

- Op die oppervlakte van die ondersoekveld is die vraag na die *effektiewe* inrigting van die kommunikatiewe struktuur van prediking in 'n postliterêre konteks verken. Dit sou 'n uitdaging vir 'n prediker wees om visuele elemente op so 'n manier in die kommunikatiewe struktuur van prediking te integreer dat die wesenlike struktuur van prediking, naamlik God kom aan die woord en die mens luister en integreer die Woord in sy haar/lewe in gehoorsaamheid, nie versteur word nie. 'n Verdere aspek van hierdie uitdaging behels dat insluiting van visuele elemente op so 'n manier geskied dat die primêre instrument van visualisering, naamlik geloofswaarneming, nie tot die hier en die nou van die sigbare werklikheid afgestomp word nie.
- Op 'n dieper vlak is die vraag na die *verantwoordelike* integrasie van visuele elemente in die kommunikatiewe struktuur van Woordgebeure verken. Deur middel van onderskeidingsvermoë behoort verseker te word dat visuele elemente op so 'n manier gebruik word dat onvoorstelbare elemente in die Godsopenbaring nie voorstelbaar gemaak word nie, die omvangrykheid van die Woord nie ingeperk of gemanipuleer word nie en dat die betrokkenheid van die Woord by die hoorder nie in kunsmatigheid verval nie.

Nadat die ondersoekterrein van die integrasie van visuele elemente in die kommunikatiewe struktuur van prediking in 'n postliterêre/ visuele kultuur in twee rondtes (met onderskeidelik effektiwiteit en verantwoordelikheid as sleutelwoorde) verken is, is die tafel gedek om dit wat na aanleiding van die verkenning gestel is, in 'n opvolgartikel op praktyk-teoretiese vlak te probeer antwoord.

## Geraadpleegde bronne

BARNARD, M. 2001. Beeld en ritueel. (*In* Barnard, M. & Post, P., *reds*. Ritueel bestek: antropologische kernwoorden van de liturgie. Zoetermeer: Meinema. p. 115-122.)

BLOMBERG, G. 1994. 1 Corinthians: the NIV application commentary. Grand Rapids: Zondervan.

BUTTRICK, D. 1994. A captive voice: the liberation of preaching. Louisville: Westminister.

CALVYN, J. 1992 [1559]. Institusie van die Christelike godsdiens. Potchefstroom: Calvyn Jubileumboekefonds. Vertaal deur H.W. Simpson.

CILLIERS, J.H. 2003. "… Meer as wat die oog kan sien …": kantaantekening oor die interseksie van kuns, liturgie en prediking. *Praktiese teologie in SA*, 18(1):8-42.

DE BRUYN, P.J. 1993. Die tien gebooie. Midrand: Varia.

DYRNESS, W.A. 2001. Visual faith: art, theology and worship in dialogue. Grand Rapids: Baker.

DYRNESS, W.A. 2004. Reformed theology and visual culture: the protestant imagination from Calvin to Edwards. Cambridge: Cambridge University Press.

FLANAGAN, K. 2004. Seen and unseen: visual culture, sociology and theology. Basingstoke: Macmillan.

HIPPS, S. 2007. Visualcy: but now I see. *Leadership – practical journal for church leaders*, 28(3):21-24.

IMMINK, F.G. 2001. De reformatorische preek. (*In* Barnard, M. & Post, P., *reds*. Ritueel bestek: antropologische kernwoorden van de liturgie. Zoetermeer: Meinema. p. 228-233.)

IMMINK, F.G. 2005. Faith: a practical theological reconstruction. Grand Rapids: Eerdmans.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2006. Kuns en liturgie: 'n praktykteoretiese refleksie op die estetika-diskoers. *Nederduitse Gereformeerde teologiese tydskrif*, 47(3 & 4):558-569.

JENSEN, R.A. 2003. Preaching in a new communication environment. *Clergy journal*, 80(1):4-6.

JENSEN, R.A. 2004. Thinking in pictures. *Dialogue: a journal of theology*, 43(4):297-303.

JEWELL, J.P. 2004. Wired for ministry: how the internet, visual media, and other new technologies can serve your church. Grand Rapids: Brazos.

JONKER, W.D. 1976. Die Woord as opdrag: gedagtes oor prediking. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

KINGDON, R. 2004. Worship in Geneva before and after the Reformation. (*In* Maag, K. & Witvliet, J.D., *eds*. Worship in medieval and early modern Europe: change and continuity in religious practice. Notre Dame: University of Notre Dame Press. p. 41-60.)

KIRSNER, I. 2006. Komm und sieh! (Joh. 1,46) – Filmgottesdienst als kybernetisches Modell. *Praktische Theologie*, 41(4):305-313.

LUTTIKHUIZEN, H. 2004. The art of devotion in Haarlem before and after the introduction of Calvinism. (*In* Maag, K. & Witvliet, J.D., *eds*. Worship in medieval and early modern Europe: change and continuity in religious practice. Notre Dame: University of Notre Dame Press. p. 281-299.)

MEECHAM, P. & SHELDON, J. 2000. Modern art: a critical introduction. London: Routledge.

MITCHELL, J.P. 1999. Visually speaking: radio and the renaissance of preaching. Edinburgh: Clark.

PARKER, T.H.L. 1992. Calvin's preaching. Louisville: Westminister.

PITKEN, B. 1999. What pure eyes could see: Calvin's doctrine of faith in its exegetical context. Oxford: Oxford University Press.

POP, F.J. 1978. De eerste brief van Paulus aan de Corinthiërs. Nijkerk: Callenbach.

SCHULTZE, Q.J. 2004. High tech worship? Using presentational technologies wisely. Grand Rapids: Baker Books.

STOTT, J.R.W. 1982. I believe in preaching. London: Hodder & Stroughton.

TROEGER, T.H. 1996. Ten strategies for preaching in a multi media culture. Nashville: Abingdon.

VAN DER LEEUW, G. 1948. Wegen en grenzen. Amsterdam: Paris.

VAN DER MERWE, N.T. 1968. Aspekte van 'n funksionele beskouing van verbeelding en van 'n tipologie van teorieë oor die verbeelding. Potchefstroom: PU vir CHO.

VOS, C.J.A. & PIETERSE, H.J.C. 1997. Hoe lieflik is u woning. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

WHITE, J.F. 1999. The sacraments in protestant practice and faith. Nashville: Abingdon.

WHITE, S.J. 1999. The spirit of worship: the liturgical tradition. New York: Orbis.

WILSON, L. 1999. The wired church: making media ministry. Nashville: Abingdon.

**Kernbegrippe:**

kommunikatiewe struktuur
postliterêre/visuele kultuur
reformatoriese prediking

**Key concepts:**

communicative structure
postliteral/visual culture
preaching in the reformed tradition